

Ingang in Kanaän (1-4)	Inname van Kanaän (5-12)	Vestiging in Kanaän (13-24)
1 maand, by die Jordaan	7 jaar, in Kanaän 1400 vC	8 jaar, twee en 'n half stamme oos van Jordaan, res wes
Vorbereiding vir inname	Onderwerping en inname	Besit en verdeling tussen die stamme

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Jos 1	Jos 1-2
Di	Jos 3	Jos 3-4
Wo	Jos 6	Jos 6-8
Do	Jos 10:1-27	Jos 9-13:7
Vry	Jos 14	Jos 13:8-15:63
Sat	Jos 20	Jos 19-21
Son	Jos 24	Jos 22-24

Die hele boek Josua, behandel die inname en verdeling van die land Kanaän. Hoofstuk 24 is die klimaks waarin Josua die volk wys op die vervulling van God se beloftes en dit beklemtoon dat hulle Sy verbond moet hou wat die fondasie sou wees vir hulle volkslewe.

Die uittog uit Egipte het begin met die Rietsee wat oopkloof (Ex 14:21). Veertig jaar later, het die intog in die beloofde land begin met die Jordaan wat oopkloof Die klipgedenkteken wat hulle hier opgerig het, moes die opkomende geslagte aan God se almag herinner.

Jerigo se mure wat vanself geval het, was 'n teken van God se bonatuurlike krag en dat oorwinning altyd van Hom af kom.

Ons sien die heilige toorn van God toe Akan teen God se wil, van die buit vir hom neem. Daarna het hulle gehoorsaam Ai ingeneem.

Die Gibeoniete het Israel uitoorlê om 'n verdrag met hulle te sluit wat die volk verder in oorlog gedompel het.

Vanaf Josua 11:16-12:24 lees ons 'n opsommig van die Noordelike oorwinnings – een en dertig konings word genoem.

Al die inwoners van Kanaän is nie so oorwin as wat Moses beveel het nie, maar Josua kon wel die land verdeel. Ses stede is as vrystede aangedui – drie aan elke kant van die Jordaanrivier. Die Leviëte het agt en veertig stede gekry wat dwarsdeur die land versprei is. So kon hulle hulle godsdienstige pligte nakom.

In Josua se afskeidswoorde (Josua 23 en 24) beklemtoon hy dat alles oor Verbondsgod gaan: *Dit is Hy, die Here julle God, wat die oorlog vir julle gevoer het.* (Jos 23:3). Hy is getrou aan Sy beloftes: *Nie een belofte het onvervul gebly nie.* (Jos 23: 14b).

Memoriseervers: *Hierdie wetboek moet die rigskoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. (Jos 1:8).*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Josua oorsig

Josua is deur God geroep.
"Inname" sy nuwe beroep.
Verseker: "Jy hoef niks te vrees,
want Ek sal by jou wees."

Met geloof is die weg gebaan,
ja, droogvoets deur die Jordaan.
Die volke het begin bewe –
dis 'n God wat regtig lewe!

Meng met heidenvolke verbode -
hulle dien te veel ander gode.
God is die enigste ware een.
Vertrou net op Hom alleen.

Sewe keer om Jerigo se muur
en hy val self op God se uur.
Ragab is gered deur haar geloof.
Van toe af kon Sy God ook loof.

By Ai het hul die geveg verloor!
God se waarskuwing is nie gehoor.
Die bloedige geveg se wonde,
is as gevolg van hulle sonde

Oorwinning kom nie uit eie krag -
alles is net deur God se mag!
So het God die weg gebaan
dat hulle al die volke verslaan.

Josua se einde is 'n afskeidspreek,
wat hul herinner wat maak en breek.
God het alles gedoen wat Hy beloof
die volk moet Hom nou dien en loof.

Jy kan ook in jou lewe vertrou,
want God sal Sy beloftes hou.
Soos Ragab red Hy dié wat glo
Ja, geloof in die eindpunt daarbo.

Die oorwinning is in Sy hand -
jy is deel van die beloofde land!
Jesus het reeds die Satan verslaan,
Ja, Hy het vir ons die weg gebaan.

Josua se opdrag

Maak gereed en trek deur die Jordaan
Los agter die woestyn se sand
en trek in die beloofde land.
Ek is by jou, oral waar jy gaan. (Jos 1:2-5)

Maar waarop jy spesefiek moet let,
is die uitvoering van die wet.
Dit moet die rigsnoer wees van wat jy sê,
oordink dit in die dag en as jy gaan lê.
As jy hierdie opdrag verstaan,
sal dit goed met jou gaan. (Jos 1:7-8)

Jy is ook op die randjie van die beloofde land
Staan jy elke dag met jou Bybel in die hand?

*Hierdie wetboek moet die rigsnoer
wees vir alles wat jy sê. Oordink dit
dag en nag en sorg dat jy alles
uitvoer wat daarin geskryf staan.
Dan sal jy slaag in wat jy moet doen,
jy sal voorspoedig wees. (Jos 1:8).*